Van hieruit zullen wij Ezechiël beter kunnen verstaan. Deze zielzorger onder de profeten heeft zich naar het schijnt in het geheel niet over de zielen als zoodanig bekommerd, maar getuigt elk oogenblik van de eere Gods. Juist van hem is het merkwaardige woord: Ik doe het niet om Uwentwil, gij huis Israëls, maar om mijn heiligen naam, dien gijlieden ontheiligd hebt.[28]) Dat hij daarom, juist daarom, een beter zielzorger geweest is dan alle *directeurs d'ames* bij elkander, dat behoort wederom tot de dingen, die toegeworpen zullen worden.

Het is dus niet mogelijk, de zedelijke eischen van de profeten afgescheiden van hun aankondiging van Gods werk te houden. Ook voor hen is de wet geen aparte grootheid. In wezen gaat het bij de profeten, gelijk als in heel het Oude Testament, enkel en alleen om Gods werk, dat van ons niets anders vraagt dan geloof alleen.

A. VAN SELMS.

---

# DIE ROOMSE LUTHERSE EN HERVORMDE BESKOUINGS OOR DIE ERFSONDE EN DIE DOOP.

Oor die leerstuk van die heilige Avondmaal neem Luther 'n tussen-standpunt in tussen die Roomse Kerk en die Hervormde Kerk. Waar Rome leer dat die brood en die wyn by die bediening van die Avondmaal waarlik in die vlees en bloed van Christus verander word, sodat die Avondmaalganger waarlik die liggaam van Christus stoflik nuttig, daar leer die Hervormde Kerk dat Christus by die nagmaalsviering nie liggaamlik aanwesig is nie, maar geestelik, sodat Hy dan ook alleen geestelik genuttig word. Luther neem 'n tussen-standpunt in. Die brood en die wyn bly wel brood en wyn, maar Christus is liggaamlik verborge en bedek onder die brood en wyn, sodat Hy dan tog liggaamlik deur die Avondmaalganger genuttig word.

By die beskouing oor die Doop neem Luther ook weer 'n standpunt in tussen Rome en die Hervormde Kerk.

Die beskouing van Rome is duidelik: „As iemand sê dat die Doop 'n vrywillige saak is, dit is, dat dit nie nodig is om salig te word nie, die is vervloek."[1]) Die noodsaaklikheid van die Doop om salig te word lê hierin dat dit die erfsonde, of duideliker uitgedruk, die oorspronklike sonde, die „peccatum originale" wegneem.[2]) Aan die

[28]) Ez. 36 : 22.
[1]) Die Canones en besluite van die Konsilie van Trente, sewende sitting, 3 Maart 1547. *De Baptismo*, Canon V.
[2]) Trente, vyfde sitting, 17 Junie 1546. Decretum de Peccato Originali, 5.

Doop word op hierdie wyse 'n oordrewe waarde toegeken. Dit word beskou dat dit met die wedergeboorte gepaard gaan en dat dit die erfskuld sowel as alle eintlike sonde wegneem. Hierdie opvatting wortel in die Middeleeuse realisme. En waar Luther hom nie soos die Switserse Reformatore aan die middeleeuse gedagtewêreld ontworstel het nie, daar is dit dan ook nie te verwondere nie dat die Lutherse kerkleer net soos in verband met die Avondmaalsleer, baie met die Roomse kerkleer op hierdie punt ooreenkom. In die Augsburgse Konfessie soos dit in 1530 aan die Ryksdag voorgelê is, word in artikel II oor die erfsonde die volgende gesê: „Verder word by ons geleer... dat ook hierdie aangebore siekte en erfsonde waaragtiglik sonde is, en almal wat nie deur die Doop en die Heilige Gees van nuuts gebore word nie, onder die ewige toorn van God verdoem." Aangaande die Doop verseker Artikel IX: „Van die Doop word geleer dat dit noodsaaklik is, en dat die genade daardeur aangebied word; dat mens die kinders moet doop wat deur sodanige Doop aan God oorgegee en (Hom) behaaglik word." En in art. XII: „Van die boete word geleer dat hulle wat na die Doop gesondig het, ten alle tyde, as hulle tot boete kom, vergewing van sonde kan kry."

Die offisiële Lutherse kerkleer hou dus in dat die Doop as aanbieding van Gods genade vir die saligheid noodsaaklik is. Sonder die Doop bly God van weë die erfsonde in ewigheid van die mens afkerig. Deur die doop en die Heilige Gees ontstaan daar egter 'n nuwe geestelike lewe, deur die Doop word die mens Gode welbehaaglik.

Melanchthon het in 1530 vir die Ryksdag van Augsburg 'n Apologie van die Augsburgse Konfessie opgestel. Artikel I van hierdie Apologie handel oor die erfsonde. Melanchton beantwoord hierin die beskuldiging van Roomse kant dat Luther sou leer dat die erfsonde ook na die Doop nog bly. Hy verklaar dat Luther ten alle tyde duidelik geskryf het dat die Doop die hele skuld en erflike verpligting van die erfsonde wegneem en uitdelg, ofskoon die materiaal van die sonde, naamlik die bose neigings en luste, bly. Luther en Melanchthon wyk in soverre van die Roomse kerkleer af dat hulle die krag van die Doop nie tot die sonde self uitstrek nie. Maar waar hulle meen dat die Doop die skuld van die erfsonde wegneem, daar is hulle altwee in stryd met die standpunt van die Switserse Reformatore en die Hervormde Kerk. In sy Klein Kategismus stel Luther die vraag „wat gee die Doop en wat is die nut daarvan?" en die antwoord lui: „Dit werk vergewing van sonde, verlos van dood en die duiwel, en gee ewige saligheid aan alger wat glo, soos die woorde en beloftes van God lui." In sy Groot Kategismus sê Luther in die vierde afdeling dat die krag, die werk, die nut en die einde van die Doop is dat dit salig maak. Hierdie oorskatting van die Doop in verband met die

erfsonde kom ook sterk uit in die Visitasie Artikels wat in 1592 in Sakse opgestel is.[3]) In die derde artikel wat oor die Doop handel, lees ons o.a. die volgende: „Daar is maar een Doop en een afwassing: nie die wat die vuilheid van die liggaam wegneem nie, maar die wat ons van onse sonde was." En verder: „God maak ons salig deur die Doop as 'n bad van wedergeboorte en vernuwing van die reiniging van onse sonde, dat hy wat in hierdie verbond en hoop tot die einde toe volhard, nie sterf nie maar die ewige lewe het." En dan word die Calvinistiese beskouing dat die Doop slegs die inwendige reiniging uitbeeld, en dat die saligheid nie van die Doop afhanklik is nie, verwerp.

Hierdie beskouing het die offisiële Lutherse gebly. In sommige Lutherse Kerke word nog aan die doopouers voor die doopbediening gevra of hulle glo dat die kinders alleen gered kan word as hulle deur die water en die Heilige Gees wedergebore word.

Die Hervormde Kerk het hom nie alleen teen die Roomse beskouing nie maar ook teen die van die Lutherse kerkleer uitgespreek. In 1561 is in artikel XV van die Nederlandse Geloofsbelydenis uitgespreek dat die erfsonde „door de doope met wech ghenomen" word. In 1582 is die Nederlandse redaksie aldus verander: „Sy (nl. die erfsonde) wort ook selfs door den Doop met te niete ghedaen, noch geheel uitgeroyt"; en in 1611 as volg: „Zij is oock selfs door den Doop met gantschelick te niete gedaen." Hierdie is vandag die offisiële lesing. Maar mens moet oppas om dit nie te verstaan asof die Doop die erfsonde tog gedeeltelik sou vernietig nie, want dan sou mens terug val in die Roomse dwaling. Al wat met die teenswoordige redaksie van hierdie artikel van die Belydenis bedoel word, is om aan die krag van die Doop nie tekort te doen nie. Die Doop reinig nie van die erfsonde nie, maar die Doop gee die versekering dat die erfsonde aan die kinders van God nie toegereken word nie; die Doop is die seël van die genadeverbond van God. Dit kom ook baie duidelik uit in vrae en antwoorde 69-73 van die Heidelbergse Kategismus. In die belydenisskrifte van ander Hervormde Kerke word dieselfde geleer, soos in die Confessio Fidei Gallicana (1559) art. XXXV; die Thirty Nine Articles (1566 en 1571) art. XXVII; die Confessio Helvetica Pesterior 1566 art. XX; die Irish Articles of Religion (1615) art. LXXXIX; die Westminster Confession of Faith 1647 Cap. XXVIII; die Westminster Shorter Catechism 1647 vraag 94.

S. P. ENGELBRECHT.

---

[3]) Hierdie „Christeliche Visitations-Artikel" is in 1592 in die Keurvorstedom Sakse deur Aegidius Hunnius en ander Lutherse godgeleerdes opgestel. Dit was teen die Crypto-Calvinisme wat deur invloede van Philippus Melanchthon in die Lutherse Kerk van Sakse deurgewerk het. Dit bestaan uit vier artikels en veroordeel die „valse en afwykende leer van die Calviniste" oor die Avondmaal, die persoon van Christus, die Doop en die Predestinasie.